

DIE AAMBEELD

Deur KLEINJAN

SOMS blits daar skielik gedagtes op
 uit die rooi vulkaan van my hart,
 dan gee ek hul vorm en smee ek hul reg
 op die aambeeld van my vreugd' of smart.
 Maar my arm word lam en my gees word moeg,
 en die vuur in my siel word dof,
 en sugtend steek ek, een vir een,
 die halfgevormde beelde t'rug
 in die as van my moeë hart.

'n Dag, of 'n maand, of 'n jaar gaan verby,
 en die lewe sluk my in—
 Die vuur van my hart is so amper dood
 as die nagloed van 'n oue min.
 Maar skielik sien ek 'n knop wat bloei,
 of 'n reënboog spog in die lug,
 of tergende ruimtes golf en lag,
 of 'n nooi se oë of 'n voël in vlug—
 Dis dan dat my siel weer brand en stook
 en voel wat is vreugde en smart,
 want een vir een styg ou beelde op,
 rooiwarm, uit die gloed van my hart.

'n Welkomsglimlag dwaal om my mond
 as my hand die voorhamer voel,
 en ek slaan en smee dat die vonke so spat
 op die aambeeld van my vreugd' of smart.
 O! Daar sing 'n groot, sterk lied in my,
 want my dooie beelde het lewe gekry,
 en terwyl ek smee en terwyl ek woel,
 voel ek 'n waarheid deur my spoel:
 Dis jy wat die kole hoop op my hart,
 dis jy wat die ruimtes bevolk met gevoel,
 dis jy wat die sangstof vorm in my,
 dis jy, my kind, net jy!

Vertaalde Liedere vir DIE EISTEDDFOD

OP versoek van die bestuur van die Afrikaanse Eisteddfod, Kaapstad, het Marie Linde, die offisiële vertaalster van hierdie organisasie, die volgende uiteensetting geskryf oor die vertaling van liedere. Dit is bedoel as 'n antwoord op navrae wat van tyd tot tyd deur die Eisteddfod-bestuur ontvang word:—

Reeds by die aanvang van ons Afrikaanse Eisteddfod was dit by ons 'n uitgemaakte saak dat daar in die sillabus naas Afrikaanse komposisies ook vertalings van klassieke liedere opgeneem sou word. Vir diegene wat wil weet waarom ons ons so beywer met die vertaal van klassieke liedere uit die oorspronklike in Afrikaans, kan ons eenvoudig antwoord dat dit gedoen word om presies dieselfde redes as wat werke van wêreldberoemde skrywers uit die oorspronklike vertaal word. Die oorgrote meerderheid is tog mos nie in staat om Tolstoi, Ibsen, Lägerlof, Maeterlinck, Goethe of Dante se werke in die oorspronklike te lees nie, en wie sou hulle so 'n intellektuele genot misgun? Om presies dieselfde redes het ons dus vanjaar weer werke van komponiste soos Brahms, Mozart, Rubenstein, Chaminate, Grieg, Tsjaikowsky, e.a. in ons vokaalafdeling opgeneem.

Daarmee is egter lank nog nie alles gesê nie. Niemand vermag dat ons ons uitsluitlik by vertalings moet bepaal en nooit iets oorspronklike in ons eie taal moet lees of sing nie. Dog wie sal ook wil ontken dat ons smaak en kennis dien verryk te word deur die beste en skoonste wat die wêreld aanbied?

Kuns is tog internasionaal sowel as nasionaal; sommige gaan selfs so ver om te sê dat dit meer van eersgenoemde as van laasgenoemde is. Dit wil sê, ware kuns doen regstreeks beroep op wat vir ons almal raak, op wat ons almal oor die hele wêreld met mekaar gemeen het, op die algemeen-menslike.

Dog laat ons ons nou bepaal by klassieke liedere, waarvan—in die oorspronklike taal altans—die woorde en musiek 'n volmaak harmonieuse eenheid vorm. Die woorde, klassieke poësie op sigself, het eers in die digter se brein ontstaan, toe daarna is die woorde deur die komponis op daarby passende musiek gesit. Dat dus 'n vertaling op sy allerbeste slegs iets uit die tweede hand kan wees, erken ons geradelik. Dog is dit nie beter om iets in 'n taal jou welbekend te sing as om die vreemde taal te verknoei nie? En waarom sou die Afrikaanse vertaling uit sê die oorspronklike Frans of Duits nie eweveel voldoening kan gee as die Engelse vertaling nie? Ons Afrikaners is tog geensins die enigstes wat klassieke liedere uit die oorspronklike vertaal en die vertalings sing nie. Van die meeste liedere wat enigsins aanspraak kan maak op verdienste bestaan daar op sy minste naas die oorspronklike twee vertalings. Al Grieg se pragtige liedere is uit die Noors vertaal in Engels, Frans, Duits, soms selfs in Italiaans, en dieselfde geld ook vir Russiese liedere. Selfs van populêre Engelse liedere soos by voorbeeld *The Rosary* van Ethelbert Nevin en *If Thou Wert Blind* van Noël Johnson bestaan daar uitmuntende Duitse en Franse vertalings. Is dit nou nog nodig om

'n verder pleidooi te lewer vir die vertaal van klassieke liedere in Afrikaans?

Nou hoor ons iemand sê dat dit die strewe van enige sanger of sangeres van betekenis is om Italiaanse arias in Italiaans, Duitse liedere in Duits en Franse *chansons* in Frans te sing, en indien hulle ook nog in staat is om by geleentheid 'n lied in die oorspronklike Noors, Russies of Spaans te sing, des te beter. Geen vertaalde lied kan dit tog by die oorspronklike haal nie. Daarmee is ons dit roerend eens, dog ons Eisteddfod bestaan tog hoofsaaklik ter wille van amateurs, van wie sulke uitgebreide taalkennis onmoontlik verwag kan word. Mag daar onder ons mededingers diegene wees wat dit eendag sover sal bring om liedere in die oorspronklike tale te kan sing, dan sal niemand blyer daarvoor wees as ons nie. Ons Eisteddfod is vir sommige 'n middel tot 'n doel, vir andere weer 'n doel op sigself. Wat die res van ons mededingers betref, ons stel hulle in staat om kennis te maak met die skoonste en beste liedere wat die wêreld oplewer, en mag hulle aangespoor word om die kennismaking uit te brei, want hul lewens sal aanmerklik daardeur verryk word en hulle sal die prestasies van andere des te meer kan waardeer nadat hulle self probeer presteer het—om nie eens te praat van diegene wat deur hul kennismaking met klassieke komposisies aangevuur sal word om self te komponeer en die digwerke van ons eie Afrikaanse digters op musiek te sit nie.

Nou nog net 'n kort woordjie oor die eintlike vertaal van liedere, wat tans, hoop ek, genoegsaam gereg-

verdig is in die oë van ons lesers. Die vertaler moet, soos Ulysses van ouds, tussen Scylla en Charybdis deurvaar telkens wanneer hy hoor aan die vertaling van 'n lied waag. Die vertaling moet naamlik *singbaar* wees en tegelyk nie geheelena ontbloot van alle poëtiese of letterkundige waarde nie. Dis glad nie iets ongewoons om 'n vertaling te kry wat „lekker sing,” d.w.s. waarvan die frasering musikaal korrek is en die vokale, veral op die hoë note, nie te veel van die stem verg nie, maar wat aan die ander kant, gelees as gedig, mank gaan aan velerlei gebreke wat betref rym, versmaat, taal en styl. Dan weer kry 'n mens vertalings van letterkundige pretensies wat aan die sanger die onmoontlikste eise stel, ja soms geheelena nie op die musiek pas nie. Musiekkennis sowel as taalkennis word dus vereis van 'n vertaler, en per slot van rekening dien onthou te word dat 'n vertaalde lied in die eerste instansie bedoel is om *gesing* te word.

„Maar dit pas nie op die musiek nie!” is 'n noodkreet wat van tyd tot tyd tot ons kom. En daarop antwoord ons: „Dit pas *wel*, mits 'n mens maar verstaan hoe om dit te laat pas.” Dog is die frasering soos die vertaler dit bedoel het nie steeds vir die sanger, sangeres of koorleier volkome duidelik nie, dan kan hy of sy sig te eniger tyd wend tot ons Eisteddfod-bestuur, Posbus 692, Kaapstad, en sodoende in aanraking kom met diegene wat steeds gewillig sal wees om inligtings te verskaf. In die reël egter is die frasering volkome duidelik vir diegene wat voldoende musiek- en taalkennis besit.